30 Augustus **Skrifgedeelte: Spreuke 8**
Fokusgedeelte: Spreuke 1:11-14

Bose gedagtes en bose motiewe

Geweld en misdaad deur moordenaars, diewe, rowers, kapers, afpersers, verkragters kenmerk ons tyd. Wat is die dryfkrag agter die afskuwelike dade? Die Satan werk in hulle. Spreuke 1:11-14 skilder hulle innerlike. Met bedrieglike redenasies betrek hulle ander by hulle gruwelike dade: hulle nooi jou uit (vers 11) met ‘n belofte: "Jy kan deel in die buit" (vers 14). Hulle lok ander om mee te doen met die lokaas dat die buit "ons almal s'n" sal wees (vers 14). "Ons maak huise vol met wat ons roof" (vers 13) is die verleidelike woorde waarmee hulle die wandade aantreklik en winsgewend laat lyk. Hulle redenasies rus op die verleiding van die Satan. Hy is die dryfveer agter die *begeertes* wat hulle tot die misdade dryf. In hulle begeerte om te roof en hulleself te verryk, ken die rampokkers se bloeddors geen perke nie. Teen hierdie verleiding waarsku die Spreukeskrywer. Dit is dwaasheid. Vir rowers, diewe, uitbuiters en afpersers is daar nie plek in die koninkryk van die Here nie. Hulle dade is veragtelik en strook nie met God se genade en liefde nie. Hiervan moet die gelowige hom weerhou, nie uit vrees vir die polisie of inhegtenisname of tronkstraf en boetes nie, maar omdat dit groot sonde teen God is (Gen 39:9; 2 Sam 12:9,13).

Sing: Psalm 19:7 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)